Vooraf.

Hierdie artikel is nie ’n uitputtende bespreking van die onderwerp nie. Dit is bedoel om die gedagtes te prikkel en die leser aan te moedig tot dieper studie.

Die Lydensweke: Gebruike en Misbruike.

Is daar nog plek vir die kerklike jaar in die moderne kerk? Is dit nie hoog tyd dat ons afsien van al die ou tradisies en voortgaan om moderne kerk van Jesus in ’n moderne tyd te wees nie? Kersfees is mos Kersfees en Paasfees is Paasfees en wat is daar nog meer nodig? Die gebruik om die kerk se jaarprogram in te deel in die geboorte en lewensverloop van Jesus is al eeue oud. Selfs die Latynse benaminge het in baie gevalle behoue gebly, maar het dit alles nog nut?
Wanneer die kerk sy jaarprogram volgens die kerklike jaar indeel, is daar sekere dae, simbole en simboliese kleure wat so min of meer deur almal gehandhaaf word. Die kerke van gereformeerde belydenis het nog altyd ’n baie eenvoudige liturgie gehandhaaf, maar in sommige gevalle het die invloed van ander gebruike of tradisies ook plek begin kry.
Die volg van die kerklike jaar in die kerkprogram en persoonlike Bybelstudie kan tot groot nut wees. Die Bybel word sistematies gelees en die gebeure word gevolg vanaf die geboorte van Jesus tot met die uitbreiding van die kerk. Dit is ook waar dat daar verveling kan intree met iets wat jaar na jaar herhaal word en dat mense na iets nuuts begin soek. Baie kerke probeer iets nuuts doen deur in die tradisies en gebruike van ander kerke in te kyk en daarvan oor te neem. Die groot vraag is net of dit ’n verbetering is of nie.

Die kerklike jaar word tradisioneel in die volgende tydperke ingedeel:
1. Die Kerssiklus - ook genoem die Advent .
Dit is die tydperk waar daar meer aandag gegee word aan die geboorte van Christus. Dit begin vier Sondae voor Kersfees. Die prediking is gewoonlik gerig op die profetiese aankondigings van die koms van Christus en vind sy hoogtepunt in Kersfees.
2. Die lewe en werk van Jesus op aarde - ook genoem epifanie.
Dit bied geleentheid om oor ’n verskeidenheid van sake te besin soos die Bergpredikasie, die genesingswondere en die ander wonderwerke, woorde en dade van Jesus.
3. Die Lydensweke met ’n dieptepunt in Goeie Vrydag en Paasfees.
4. Die Hemelvaart
5. Pinksterfees.

Die Lydenstyd: Gebruike en Misbruike.

Die Lydensweke begin vir sommige kerke 40 dae voor Goeie Vrydag en Paasnaweek. Dit duur sewe weke en gedurende die sewe Sondae handel die prediking en ander oordenkings gewoonlik oor die lyding van ons Here Jesus Christus tot en met die kruisiging op Goeie Vrydag, gevolg deur die blye tyding van die opstanding op Paassondag. Die stemming gedurende die Lydensweke is gewoonlik van ’n meer somber aard en die liedere wat gesing word getuig ook van sy groot lyding aan die kruis ter wille van ons sonde. Die kleure vir die Lydensweke is gewoonlik pers.
Dit is ’n baie ou tradisie in die Christelike kerk om die Lydensweke te volg en daar het baie gebruike en soms misbruike met verloop van tyd ontstaan. Sommige daarvan het oorleef en

ontwikkel tot ’n mate van uitspattigheid wat nie altyd meer die doel dien wat dit aan die begin gehad het nie. In die kerke van gereformeerde belydenis in Suid-Afrika was die lydenstyd altyd gekenmerk deur ’n mooie eenvoud en ’n diepe dankbaarheidsbesef. Dit het die laaste jare langsamerhand begin verander met baie meer klem op die visuele. Invloede van ander kerke, beide gereformeerd en nie-gereformeerd, het vanaf oorsese lande begin bekend word in SA en het gaandeweg ’n vastrapplek gekry. Die uitvoering die Passiespele wat die kruisiging van Christus visueel uitbeeld is voorbeeld hiervan.
Die bespreking van verskillende gebruike wat hierna volg, is hoegenaamd nie uitputtend nie en verwoord ook net my persoonlike ervarings in die VSA.

Vir baie kerke begin die Lydensweke op **Aswoensdag** (Ash Wednesday). Om hierdie dag te verstaan, moet daar eers teruggekyk word na die Dinsdag wat bekend staan as **Fat Tuesday** (Phat Tuesday), ook genoem Shrove Tuesday. Sommige gemeentes kom op hierdie dag bymekaar om tradisionele pannekoek te eet. Die oorsprong van die viering van hierdie dag kan teruggevoer word na die karnaval of **Mardi Gras** (soos nou nog in New Orleans gehou word) wat die Lydensweke vooraf gegaan het. Dit was ’n dag van groot joligheid en gekattemaai voordat daar na die meer stemmige Lydensweke oorgegaan is. Fat Tuesday (Mardi Gras is die Franse benaming) was die laaste dag van hierdie jolige losbandigheid en tot twaalfuur die nag was dit geoorloof om alle perke te oorskry, want met die klokslag om middernag het almal Ash Wednesday betree. In sommige Christelike kerke is Fat Tuesday ook die dag waarop al die vetterige kosse wat nie gedurende die Lydensweke geëet mag word nie, opgeëet moet word. Daar het toe later die gebruik by kerke ontstaan om op hierdie dag bymekaar te kom, soos sommige kerke hier in die VSA en sekerlik in ander lande ook doen. Of ’n mens so ’n dag kan verkerklik en of ’n mens so ’n etery kan verkerklik, is baie bedenklik. Ek sal dit gewis nie doen nie. My sondes is al klaar te veel en om nog by te voeg is nie nodig nie.

Ash Wednesday (die dag wat volg op Fat Tuesday) is ’n dag van roubeklag en sondebelydenis. Die jolige skare het nou in stof en as gaan sit en treur oor hulle sondes. Vandag vier sommige kerke Nagmaal. Dit is ’n redelik algemene gebruik dat lidmate op hierdie dag as op die voorkop kry. (Soms word die as van die verbrande takke van die vorige jaar se Palmsondag gebruik.) Daar is gewoonlik ’n plegtige seremonie en die as word in die vorm van ’n kruis op die voorhoof gesmeer waar dit die hele dag bly. ’n Mens kan in groot verleentheid op hierdie dag beland as jy met goeie bedoelinge iemand wys op die vuil kol op sy voorkop. Jy kan so sy hele skuldbelydenis bederf. Dit lyk dus asof die as ’n magiese krag vir sommige mense het en dat hulle kan vergeet om na Christus te kyk. Of Aswoensdag ’n nuttige dag is, is nie seker nie. Skuldbelydenis moet ’n elke dag se gebruik wees.
Dit is ook die gebruik dat mense sekere opofferings (*pledge*) gedurende die Lydensweke maak om hulle meelewing met die kruisiging van Christus te betoon. Hierdie opofferings kan verskeie vorms aanneem. Dit is baie algemeen om gedurende die Lydensweke te vas of om sekere voedselsoorte nie te eet nie. So het ’n diaken na ’n erediens aan my gesê dat haar offer is om geen lekkergoed tydens die Lydensweke te eet nie. Hoe lekkergoed met die kruisiging vergelyk, weet ek nie. Ander mense sal moeiliker dinge doen soos byvoorbeeld om nie te rook nie of om gedurende die Lydensweke Bybelstudie by te woon. Die blote gedagte dat hierdie dinge as opoffering beskou kan word, en dit nogal naas die kruisiging, is vir my skrikwekkend.

Die volgende belangrike dag is die Sondag direk voor Goeie Vrydag wat bekend staan as **Palmsondag** of ook **Passion Sunday**. Dit is die dag waarop die prediking en liturgie gerig is op

die intog van Jesus in Jerusalem toe die skare takke voor Hom gestrooi het kort voor die kruisiging (Lukas 11). Die gebruik is om palmtakke in die kerk te strooi en die prosessie wat hierop volg kan wissel van kindertjies in wit geklee wat al huppelende voor die prediker die kerk binne kom tot 'n rumoerige skare lidmate wat die prediker volg. Indien die gewyde atmosfeer van die erediens gehandhaaf word, kan daar seker iets goeds hieruit vloei.

Heilige Donderdag (Maundy Thursday) word gevier met 'n baie plegtige en sombere Nagmaalsviering. Dit maak nogal sin om die Paasnaweek in te lei deur die aandag te vestig op die Laaste Avondmaal.
Goeie Vrydag is 'n dag sonder baie aktiwiteite, behalwe natuurlike vir die plekke waar die Passiespele opgevoer word.
Paassondag is vir baie mense nie die dag van die opstanding nie, maar die dag van paaseiers. Ervaring leer dat hierdie dag meer gerig is op die pret wat die kinders daaruit kry as op die opstanding van Christus. Die paashaas en paaseiers het diep wortels in die heidendom en afgodediens. Dit is eerstens nodig om te besef dat die woord *Lent* (die aanvaarde Engelse benaming vir die Lydensweke) niks met die lyding van Jesus te doen het nie, maar *lente* beteken. So woord die woord *easter* ook nie in die Bybel gevind nie. Baie navorsers het bevind dat die woord *easter* afgelei is van die naam van die godin *Eastre* die godin van die lente. Die (paas)haas en eiers het almal 'n verbintenis met vrugbaarheid of nuwe lewe, baie duidelik van heidense oorsprong. Dit is baie meer Bybels om te praat van Opstandingsondag.
Die viering van hierdie dae het dikwels die klem op die visuele of die emosionele. Dit skep by sommige mense die valse gerustheid dat hulle al die gebruike nagekom het en nou *veilig* is.
Die uiterste toets wat hierdie dae eers moet deurstaan om aanvaarbaar te wees, is of al die eer aan die Here gegee word, of Christus sentraal is, of dit volgens die Woord van die Here is en of dit die mens ontdaan van alle sogenaamde goeie werke en genade en genade alleen sien as die bron van verlossing en seëninge. As al hierdie dae aan die Bybelse norm getoets word, sal baie daarvan nie slaag nie.

Ds Freddie Burger
Ketchikan, Alaska
Maart 2004

©FC Burger 2007